

19 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 19:1-37

FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 19:1-4; 14-20; 29-34

Die Here gedenk Hiskia se smeekgebed vir die lewe van sy volk

Met die dreigende, God-onterende koning Sanherib van Assirië op die drumpel van Jerusalem, wéét koning Hiskia van Juda presies wat hy moet doen: Hy moet hom verootmoedig, na die huis van die HERE gaan en na die HERE se woord vra vir lig in die onheilsnag.

In Hiskia se soeke na die lig van die woord van die HERE (by God se profeet) vra hy dat Jesaja vir twee dinge bid: dat die HERE met reg sal reageer op die smading waarmee Hy gesmaad is, én dat Hy sal ingryp om hulle eie verlamme, vernederende angs weg te neem. Oomblikke later, as Hiskia self hieroor bid, hoor ons hoe die verre “u God” (vs. 4) verander in die nabye “ons God” (vs. 19). Hiskia weet watter antwoord om te verwag, en hy kry dit ook (vs. 20). God verseker sy volk van sy “onverdeelde trou” wat alle vrees oor die toekoms wegneem (vs. 31). God antwoord, “om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil” (vs. 34), sal Hy nie toelaat dat die lasterlike Sanherib met sy lasterlikhede wegkom nie – reeds nie in hierdie lewe nie. Duidelik hoor ons die taal van God se verbondstrou. Om die rede verhoor Hy Hiskia se gebed vir die volk en die stad.

In die Here Jesus, wat verag en bespot is, toe hy vir elkeen wat in Hom glo, gely en gesterf het, het hierdie grote God (vs. 15) ons Vader geword. Daarom sal Hy jou verhoor as jy in ootmoed vir jou geloofsgenote en jou kerk bid, terwyl jy in die huis van die HERE is, waar jy vra na sy wil en sy woord.

Sing: Psalm 46:6

Ds Harry Cilliers (Standerton)